Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2017

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

SKOON OUDIT SERTIFIKAAT

Op die foto met die toekenning, van links na regs: Munisipale Bestuurder Coenie Groenewald, Sharonne Adams van die Wes-Kaapse Ouditeur-Generaal se kantoor, Overstrand se Direkteur van Bestuursdienste Desireé Arrison en Direkteur van Finansies Santie Reyneke-Naudé, Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith en Wes-Kaapse LUR vir Plaaslike Regering, Minister Anton Bredell.

Munisipaliteit Overstrand het 'n 2015/16 Skoon Ouditsertifikaat en toekenning ontvang tydens die jaarlikse Toekennings vir Oudit-voortreflikheid wat op 10 April 2017 in Kaapstad gehou is.

Dit is die vierde agtereenvolgende jaar in die munisipaliteit se geskiedenis dat 'n skoon oudit vir goeie korporatiewe en finansiële bestuur behaal is, wat daarop dui dat doeltreffende bestuurstelsels en behoorlike interne beheermaatreëls in plek is.

Raadslede toer deur Overstrand

Overstrand se Raadslede het 'n oriëntasietoer meegemaak wat elke vyf jaar plaasvind om nuutverkose Raadslede aan munisipale infrastruktuur en fasiliteite bekend te stel. Hierdie induksie-inisiatief stem ooreen met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en het ten doel om Raadslede op hoogte te bring van die onderskeie gebiede in Overstrand en die uitdagings wat mag voorlê. Hulle het op die eerste dag van Hermanus na Kleinmond getoer, en op die tweede dag het hulle Stanford en Gansbaai besoek.

Sleutelprojekte regoor die Overstrand is besoek, insluitend die Preekstoel-water-suiweringsaanleg, Ability House in Hawston, Fisherhaven-sleephelling, verskeie behuisingontwikkelingsprojekte en stortingsterreine, die Pringlebaai Brandweerstasie en die Rooi Els-reservoir. Die walvisstasie en pikkewynkolonie is ook besoek vanwaar hulle verby die Hoofstrand gery het om kennis te neem van die duinbewegings.

Op pad na Gansbaai het die groep via Stanford vertroud geraak met die De Kelders-watersuiweringsaanleg, stofpadbeheerbehandeling by Klipgat, Gansbaai-hawe, Gansbaai Gemeenskaplike Sportgronde (S4S) asook die Kleinbaai-sleephellingsterrein.

Daar is baie geleer tydens die toer en Raadslede, wat vir die eerste keer van die gebiede besoek het, het dit baie insiggewend gevind.

VERSKUIWINGS IN DIE RAAD

Rdl Archie Klaas

Archie Klaas, van die Demokratiese Alliansie, was sedert die verkiesing 'n proporsionele raadslid vir die Overstrand Munisipaliteit en ook Onderburgemeester van die Overberg Distriksmunisipaliteit. Ten einde sy volle aandag aan sy amp van Onderburgemeester te wy, het hy as raadslid by Overstrand bedank en word hy opgevolg deur Christine May wie op 20 April 2017 diens aanvaar het.

Rdl Christine May

MOET ASSEBLIEF NIE DIE STORMWATERDREIN VOER NIE!

Munisipaliteit Overstrand doen weereens 'n beroep op inwoners om nie materiaal soos kookolie, motorolie, tuin- en troeteldierafval, verf, betonmengsel en boumateriaal of enige ander gevaarlike huishoudelike chemikalieë in die stormwaterinfrastruktuur te stort nie.

Die munisipaliteit se stormwaternetwerk is van kardinale belang om die oorstroming van paaie en huise te voorkom, aangesien dit op stormwaterdreine staatmaak om die oortollige water te vervoer.

In teenstelling met die water wat by die wasbak of toilet van jou huis uitloop, is stormwater onbehandel waar dit in 'n rivier of strandmeer en uiteindelik in die see beland, wat die omgewing negatief beïnvloed en ons pogings om die gehalte van drinkwater te handhaaf, in die wiele ry. Dit is een van die hoofredes waarom kookolie en vet (of soortgelyk) nie in die drein uitgegooi moet word nie.

"Gegewe ons begroting en mannekrag doen die munisipaliteit alles moontlik om die stormwaterstelsel só te bestuur dat ons watergehalte nie in gevaar gestel word nie. Maar ons kan dit nie op ons eie doen nie. Dis nodig dat ons inwoners saam met ons werk en hulle weerhou van die storting van rommel en onvanpaste voorwerpe in ons stormwaterstelsel," sê Roderick Williams, Direkteur van Gemeenskapsdienste.

Dit is ook onwettig om die stormwater na die rioollyn op die eiendom te herlei en inwoners kan 'n swaar boete opgelê word as hulle aan hierdie oortreding skuldig bevind word.

Wat veroorsaak blokkasies?

Kookvet, lappe, tampons, hare, boomwortels, sand, koerantpapier en weggooibare doeke - ongelooflik maar waar, en een van die hoofoorsake van blokkasie. Ons het al boumateriaal, olie, klippe, plastiek, skerp voorwerpe, eetgerei en selfs die liggame van fetusse en 'n grassnyer in die stelsel gevind!

- Vet is 'n groot probleem omdat dit binne die pype opbou. Dit werk soos gom wat lappe, hare, papier en plastiek aantrek; een, twee, drie en daar is 'n blokkasie.
- Stowwe soos olie, paraffien en verf besoedel duisende liter rioolwater en veroorsaak ernstige probleme by die suiweringsaanlegte.
- Die afvoer van stormwater (reënwater) in die riool kan die stelsel oorlaai en dit tot oorlopens toe vol maak, wat daartoe kan lei dat rioolvuil uit mangate in die strate vloei.

Voorkomende maatreëls

Die volgende voorkomende maatreëls moet getref word om toe te sien dat die rioolstelsel nie geblokkeer word nie:

- MOENIE die stormwaterdrein voer deur gebruikte kookolie en vet daarin te stort nie.
- Laat vet (van vetterige kos wat gekook word) afkoel en hard word of stol. Sodra dit solied is, draai dit toe in koerantpapier of sit dit in 'n sak voor dit in die vullisdrom vir weeklikse verwydering geplaas word.
- Lappe, papier, tampons en weggooibare doeke moet saam met die normale huishoudelike afval in 'n swart sak en/of vullisdrom geplaas word, of in die sanitêre houers wat deur besighede voorsien word.
- Hou blare en grassnysels uit die straat.
- Herwin gebruikte motorolie.
- Maak opritte skoon deur dit te vee in plaas van af te spuit.
- Hou rommel, troeteldierafval, blare, grasknipsels en afval uit straatgeute en stormdreine. Afvoere wat deur oormatige afval soos blare en grasknipsels blokkeer word, kan daartoe lei dat jou straat oorstroom word.
- Die meeste boumateriaal beland in die rioolstelsel wanneer kontrakteurs of bouers die materiaal deur mangate in die riool stort! Dit veroorsaak onnodige druk op die stelsel.

Waar om te stort?

Daar is geen verskoning vir die onwettige storting van afval in ons woonbuurte of langs die paaie nie. Die munisipaliteit verskaf 'n hoogs betroubare vullisverwyderingsdiens en aflaaifasiliteite regoor Overstrand.

Gebruikte motorolie kan na Walker Bay Recycling in Swartdamweg, Hermanus geneem word, waar 'n spesiale houer vir hierdie doel voorsien is.

Twee skeephouers en 'n verskeidenheid dromme is by die volgende liggings beskikbaar vir gevaarlike huishoudelike afval, insluitend e-afval:

- **KLEINMOND: Kleinmond-oorlaaistasie, Hoofweg**
- **HERMANUS: Hermanus-oorlaaistasie, Swartdamweg**
- **STANFORD: Stanford-aflaaipunt, Rivierstraat, industriële gebied**
- **GANSBAAI: Gansbaai-stortingsterrein, Voortrekkerstraat**

Navrae kan gerig word aan:
Kleinmond 028 271 8400
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Stanford 028 341 8500

Overstrand Junior Stadsraad georiënteer

Nou in sy 13de bestaansjaar, word die Overstrand Junior Stadsraad (JSR) deur die Enlighten Education Trust bestuur, in vennootskap met die Munisipaliteit Overstrand.

Die JSR se leuse is: Ons leer terwyl ons lei. Die raad bestaan uit 35 senior skoolleerders in Graad 9 tot 12 by ses hoërskole in Overstrand. Die lede word gekies op grond van hul belowende leierseienskappe en uitstekende akademiese vernuf.

JSR-lede leer gedurende hul 12-maande ampstermyn oor leierskap en die werksaamhede van 'n munisipaliteit. Hulle ontvang waardevolle blootstelling aan verskillende kulture en leefstyle. Gemeenskapsprojekte vorm 'n belangrike aspek van hul rol as Junior Stadsraadslede en bied die ideale platform om by te dra tot 'n beter toekoms wat tot voordeel van hul onderskeie gemeenskappe is.

Overstrand Junior Stadsraad het die vaste afval-oordragstasie en materiaalherwinningsfasiliteit in Hermanus besoek. Op die foto saam met die groep is Enlighten Education Trust JSR-bestuurder, Unity Mtomile, en Northcliff House College assistent-onderwyser, Johan van der Merwe, asook Johan van Taak, Overstrand se Bestuurder: Vaste Afval.

Overstrand se JSR is op Woensdag, 26 April 2017 op die eerste skof van hul jaarlikse oriëntasietoer van munisipale infrastruktuur en fasiliteite geneem. Die groep is vergesel deur Unity Mtomile van die Enlighten Education Trust wat die Junior Stadsraad bestuur, en Johan van der Merwe, assistent-onderwyser by Northcliff House College.

Die tweede skof op Dinsdag, 16 Mei 2017 het 'n besoek aan Stanford en die Gansbaai-omgewing behels, waar hulle verdere kennis oor munisipale dienslewering opgedoen het.

Johan van Taak, bestuurder van vaste afvalbestuur by die munisipaliteit, het die groep junior raadslede van Hermanus Hoërskool, Qhayiya Sekondêr (Zwelihle), Hawston Sekondêr, Northcliff House College (Hermanus) en Gansbaai Akademia by die vaste afval-oordragstasie ontmoet.

Die oordragstasie bestaan uit 'n openbare aflaaifasiliteit vir bourommel, herwinbare artikels en elektroniese afval (soos ou rekenaars en drukkers), 'n huishoudelike afval-oorlaaistasie, 'n herwinningsfasiliteit en 'n fasiliteit vir die versnippering van groen afval (plante).

Alhoewel die reuke by die materiaalherwinningsfasiliteit nie te aangenaam was nie, was die leerders beïndruk met die doeltreffendheid van die groot vervoerband en werkers wat die herwinbare items sorteer.

Die belangrikste les wat geleer is: *"Herwinning is 'n ingesteldheid wat jy moet aanneem en begin toepas. Dit is nie moeilik nie - verminder die afval wat jy genereer en herwin al jou plastiek, glas en metaal deur dit in deursigtige sakke te plaas wat deur die munisipaliteit voorsien word."*

Die lede is by die Kleinmond-biblioteek deur Raadslede Fanie Krige en Grant Cohen, en die areabestuurder van Kleinmond, Desmond Lakey, ontmoet. Hier het hulle toerisme en tendense, beperkinge en geleenthede wat in die area aangebied word, bespreek en 'n waardevolle les oor die Kogelberg-biosfeer geleer.

Die geleentheid is afgesluit met 'n opvoedkundige toer na die Stony Point-pikkewynkolonie. Cape Nature se senior marieneveldwagter, Cuan McGeorge, het die leerders 'n blik op die daaglikse lewe van hierdie innemende kusvoëls gegee.

MINISTER BESOEK GESOGTE TOERISTE-AANTREKLIKHEDE

Alan Winde, Wes-Kaapse Minister van Ekonomiese Geleenthede en Landbou, het gewilde toeriste-aantreklikhede in die Overstrand-gebied besoek. Op die foto, van links na regs: Raadslede David Botha en Dudley Coetzee, LUR Alan Winde, Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith, en Raadslede Elnora Gillion en Andrew Komani.

Alan Winde, Wes-Kaapse Minister van Ekonomiese Geleenthede en Landbou, het Vrydag 21 April 2017 die Kaapse Walviskus besoek en met Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith en sy komitee, en met lede van die sakegemeenskap vergader.

Die doel van die minister se besoek was om rolspelers in toerisme aan te moedig om te fokus op die unieke elemente van hulle bestemmings en om dit in alle bemarkingsveldtogte te beklemtoon, aangesien elke bestemming onderskei moet word van al die ander plekke wat om toeriste se aandag meeding. Hy het bygevoeg dat data 'n belangrike rol in sakebestuur en besluitneming speel en dat dit noodsaaklik is vir toerisme-ondernemings om te verstaan wie hul markte is en wat die spesiale behoeftes van hierdie markte is. Die minister het beklemtoon dat akkurate data waardevol is en dat baie instansies bereid is om vir toegang tot betroubare syfers te betaal. Dit is een aspek waaraan toerisme-owerhede meer aandag moet skenk.

Toerisme is 'n besigheid vir alle inwoners, en petroljoggies, kelners en kelnerinne is net soveel deel van die toerismebedryf as die eienaar van 'n gastehuis. Alle betrokkenes moet dus toegerus wees met kennis van die gebied en die produkte wat aangebied word, sodat hulle vrae kan beantwoord en besoekers na interessante plekke kan verwys.

As 'n ywerige fietsryer het minister Winde melding gemaak van die Wes-Kaapse Kruiskaap-fietsroete wat in Mei 2017 van stapel gestuur is. Die Kaapse Walviskus met sy talle fietsroetes maak deel uit van hierdie inisiatief wat daarop gemik is om werksgeleenthede oor verskillende ekonomiese sektore te skep. Toerisme speel 'n belangrike rol in die Overstrand se ekonomie en ons moet altyd bewus wees van die geleenthede wat ons streek bied.

REGISTRASIE VAN INDIVIDUE/ MAATSKAPPYE WAT AFVAL VERWYDERE VERVOER

Kragtens 'n kennisgewing in die Provinsiale Koerant van 12 Julie 2013 geskied kennis hiermee ingevolge die bepalings van artikel 43(1) van die Overstrand Verordening insake Geïntegreerde Afvalbestuur, 2013, dat daar van alle individue en maatskappye wat kommersiële dienste vir die verwydering en vervoer van afval in die Overstrand munisipale gebied lewer, vereis word om by die munisipaliteit te registreer en akkreditasie te ontvang vir magtiging om sodanige werksaamhede in die munisipale gebied uit te voer. Hierdie vereiste is ook vervat in artikel 25(1) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval (Wet 59 van 2008).

Die vereiste registrasie moet voor 1 Augustus 2017 plaasvind. Die voorgeskrewe registrasievorm is beskikbaar op die munisipaliteit se webblad **www.overstrand.gov.za gaan na 'documents' en klik op 'forms'** of by die Munisipale Kantore in Hermanus, Kleinmond, Gansbaai en Stanford. Vir navrae, tree asseblief in verbinding met mnr. Johan van Taak by **jvantaak@overstrand.gov.za**.

Overstrand Munisipaliteit aanvaar OAPD se Rolstol Woensdag-uitdaging

Overstrand se vereniging vir persone met gestremdhede, OAPD, het onlangs 'n inisiatief genaamd Rolstoel Woensdag van stapel gestuur met die bepaalde doel om organisasies en besluitnemers uit te daag om in die spore van 'n rolstoelgebruiker te ry. Dit is 'n kreatiewe manier om aandag te fokus op die fisiese uitdagings wat rolstoelgebruikers in hul daaglikse lewe ervaar, veral in die werkplek.

Overstrand se Rdl Grant Cohen (in die rolstoel, voor regs) wat in Kleinmond gesetel is en Hoofklerk Dencil Arendse (in die rolstoel, voor links) word deur taxi-eienaar Hazel Thomas (heel regs, staande) verseker dat sy hulle kan vervoer. Saam op die foto is OAPD se Farren Gillion (tweede van regs, staande) en Rosina McClean (tweede van links, staande) asook Overstrand se Oordbeampte Gamat van Eden (heel links, staande).

Die projek het drie belangrik mikpunte: om bewustheid te skep, die ondersteuning van die gemeenskap aan te moedig en om toeganklikheid te verbeter vir diegene wat aan 'n rolstoel gebonde is. Daarbenewens wil hulle plaaslike strukture, die sakegemeenskap en die publiek herinner aan eenvoudige kwessies soos die reservering van parkeerplekke vir persone wie se mobiliteit beperk is.

Die Munisipaliteit Overstrand bly daartoe verbind om al sy mense op 'n verantwoordelike en doeltreffende wyse te bedien, en het dus nie geaarsel om in oorleg met OAPD maniere te identifiseer waarop meer inklusiwiteit vir persone met gestremdhede in die organisasie geskep kan word nie.

Overstrand se Onderburgemeester, Raadsheer Dudley Coetzee en Rdl Grant Cohen, asook 'n paar amptenare van die Hermanus- en Kleinmond-kantoor het Woensdag, 10 Mei 2017 die projek afgeskop in 'n poging om 'n beter insig te kry van die daaglikse beproewings waarvoor gestremdes te staan kom.

Raadsheer Coetzee, wat altyd regstaan om die handskoen op te neem, het die uitdaging aanvaar wat deur Desiree Gelderblom, 'n maatskaplike werker by OAPD, aan hom gestel is om vier uur in 'n rolstoel deur te bring terwyl hy sy dagtake verrig.

Raadsheer Coetzee het 'n beroep op plaaslike ondernemings en individue gedoen om aan die projek deel te neem en die vier-uur-ervaring aan te pak sodat hulle ook 'n begrip kan kry van die probleme wat diegene met gestremdhede mee saamleef. "Ons wil graag hê dat die hele gemeenskap by hierdie veldtog betrokke raak en gedurende Mei-Maand hierdie jaar se Rolstoel Woensdag ondersteun," het hy bygevoeg.

Die program het besoeke aan verskeie munisipale geboue en ander persele in die gebied ingesluit om die toeganklikheid vir rolstoelgebruikers te bepaal. "My oë het regtig oopgegaan. Ek het nou meer begrip vir die beperkings wat gestremdes in die gesig staar. Net een voorbeeld is die gebruik van opritte en ingange na geboue. Dit plaas 'n baie swaar las op die arms," het Cohen van sy ondervinding onthou.

Volgens Rosina McClean, 'n administrateur by OAPD, is 'n ander probleem wat aangehaal word deur persone wie se mobiliteit beperk is, die gebrek aan toegang tot openbare vervoer, soos taxi's. Raadslid Cohen wou dit op die proef stel en het taxi-eienaar Hazel Thomas genader. Sy het genoem dat alhoewel sy tot dusver nog nie 'n rolstoelgebruiker vervoer het nie, haar voertuie wel toegerus is om dit te doen.

"Terwyl hierdie oefening redelik veeleisend was, het dit 'n platform vir die munisipaliteit geskep om gesprekke te voer oor enige geïdentifiseerde tekortkominge sodat ons kan toesien dat ons persele meer rolstoel-vriendelik word," het Cohen afgesluit.